

4 NOVEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:33-48
FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:34, 35

Gebed om geestelike toewyding en groei

In hierdie paar verse van Psalm 119 bid die psalmdigter om *geestelike toewyding en groei*. Hy bid dat hy “tot die einde toe” sal volhard om geestelik toegespits te bly op God se Woord en dat die Here hom sal weerhou van ‘n “nutteloze lewe” (vs. 37).

Gee my “verstand” (1983-vertaling – “insig”) (vs. 34) dat ek u wet kan gehoorsaam! Dit vra daadwerklike lees en biddende oordenking van God se Woord. Hoe sal ons anders God se wil leer ken? Hy bid dat hierdie kennis van God se Woord in sy “hart” sal wortel en groei – dat hy “van ganser harte” (1983-vertaling – “met sy hele hart”) (vs. 34) God se wet sal onderhou met opregte vertroue. Dan bid die psalmdigter dat hy sal “wandel” (vs. 35), dinge sal doen, volgens God se gebooie. Hy bid dus om te ken (“verstand”), te vertrou (“hart”) en te doen (“wandel”).

‘n Ernstige belemmering vir geestelike groei en toewyding is die ydele begeerte na aardse besittings. Om die rede bid hy dat hy nie sal konsentreer op die “verryking” van homself (1933-vertaling – “winsbejag”) nie, want dan lei hy ‘n “nutteloze lewe” (vs. 37). Here, rig my hart én verstand én wil eerder op die *rykdom van U Woord* – die hemelse skat – as die rykdom van aardse skatte!

Dit is die bron van ware lewensvreugde – die ware lewe wat geestelik weerstand kan bied teen die venyn van mense (vs. 39) en vals beskuldigings (vs. 42). Iemand wat geestelik so toegewy lewe, sal met vrymoedigheid (vs. 46), sonder vrees, kan getuig voor die hoogste gesag.

Here laat my lewe meer en meer aan u gewy wees!

Sing: Psalm 119:11,13

Ds Nic van der Walt (Brits)